
GOD SE PLAN
deur die eeue
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

**Abraham.**
**Isak.**
**Jakob en Esau.**
**Jakob se 12 seuns.**
**Josef.**
**Israel na Egipte.**
**Farao raak bang vir die groot nasie - maak al die seuns onder 2 jaar oud dood.**
**Moses.**
**Die Here lei Israel uit Egipte.**
**Moses kry die wet.**
**Moses stuur 12 spioene na Kanaan.**
**Josua en Kaleb vertrou die Here, die ander is bang.**
**40 jaar in die woestyn.**
**Moses gee leierskap oor aan Josua.**
**Josua lei die nasie in verbond met die Here.**
**Toe Josua sterf is die Israeliete ontrou en ongehoorsaam.**
**Rigters.**

**Die Here se raadsplan is al van Abraham af in werking.**

**Die lys van gebeure hier bo is ’n ryk geskiedenis oor die nasie van Israel.**

**Kyk na die volgende prentjies oor elke Bybel karakter en kyk of jy die stories kan onthou.**








# ABRAHAM

# ISAK & JAKOB


Jacob's Family
JACOB
Leah
Zilpah
Rachel
Bilhah
Leah's servant
Rachel's servant
Reuben
Simeon
Levi
Judah
Issachar
Zebulun
Gad
Asher
Joseph
Benjamin
Dan
Naphtali





# JOSEF













# MOSES























# JOSUA

# Rigters









**Josua se roeping was om die leier van die Israeliete te wees in die beloofde land en om die volk in die wil en volgens die wet van God te lei sodat die ander nasies die grootheid en die goedhied en die heiligheid van God sou raak sien..**

**Nadat Josua die volk bymekaar geroep het en hulle herinner het om die Here alleen te volg en om Sy gebooie te onderhou en nadat hulle saamgestem het, was dit nie lank voor die nasie begin agteruit gaan het nie.**

**Die stam van Juda was eerste deur die Here gestuur om die beloofde land in te gaan en die ander nasies daar uit te dryf.**

**Hulle het dit reggekry, maar die ander nasies het nie gevra wat die Here se wil is en wat hulle moet doen nie. Hulle het in hul land gewoon en nie die ander volke uit gedryf nie.**


**Hulle was baie beïnvloedbaar en het die ander nasies se gode begin aanbid en dien...**

**<u>Josua</u>**

**Oorwinning**
**Geloof**
**Gehoorsaamheid**
**Volk is verenig**
**God se Woord is sentraal**

**<u>Rigters</u>**

**Nederlaag - (in 'n stryd verloor, in 'n toestand om oorwin te word.)**
**Ongeloof**
**Ongehoorsaamheid**
**Volk verdeeld en in anargie verval**
**God se Woord word verontagsaam**


Israel leef toegewyd aan God.
Israel raak ontrou aan die Here en dien afgode.
Die Here straf hulle deur hulle oor te gee in die mag van hulle vyande.
Hulle roep om hulp by die Here.
Die Here gee 'n Rigter.
Die Rigter red hulle uit die mag van die vyande.
Die siklus van sonde in Rigters

**Die Israeliete het deur hierdie siklus van sonde gegaan.**

**Maar die Here het keer op keer Sy wonderlike genade aan hulle bewys.**

**Hy het ‘n Rigter opgerig om die nasie van Israel te bevry, maar hulle het elke keer hierdie genade misbruik, en weer vergeet wat God vir hulle gedoen het.**

**Die nasie van Israel se hartstoestand was vrot van die sonde…**

**Israel het hierdie volgende feite beleef…**

**Sonde sal jou verder neem as wat jy wil gaan**
**Sonde sal jou langer daar hou as wat jy wil bly**
**Sonde sal jou meer kos as wat jy wil betaal**

Rigters 17:6 "In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie. Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë."

Rigters 21:25 "In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie, en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë."

**Hierdie twee verse uit Rigter beskryf die hartstoestand van die nasie sonder ‘n koning.**

**Wat ons vandag uit die boek Rigters en die geskiedenis van die Israel nasie kan leer, is dat ons ‘n wonderlike Koning het. ‘n Koning wat genade keer op keer bewys… ‘n Koning wat in ons harte en in ons lewens regeer…**

**Hoe belangrik is dit om ‘n leier van ‘n volk te hê... Van ‘n maatskappy... Van ‘n huisgesin...**

**Hoe lyk ‘n swak leier?**

**Hoe lyk ‘n goeie leier?**

**Hoe kan God weer die leier van jou hart raak?**



**God se karakter skyn helder deur die gebrokenis van Sy volk.**

**Hulle val, en elke keer is Hy daar om hulle weer op te help.**

**God bewys hierdie genade en vergifnis vir ons deur die kruis.**

**Mag ons nie soos die nasie van Israel wees wat van God vergeet en Sy genade misbruik nie, maar mag ons Sy nasie wees wat besef dat ons 'n Koning het wat heers. Mag ons doen wat goed is in Sy oë.**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS